LAERSKOOL ASHTON * ASHTON PRIMARY SCHOOL

GEORGESTRAAT
ASHTON
6715
TEL: 023 – 615 1370

GEORGE STREET
ASHTON
6715
FAX: 023 – 615 2327

E-pos/E-mail: admin@ashtonps.co.za

19 Januarie 2022

Geagte Ouers

OMSENDSKRYWE 1/2022

'n Hartlike woord van welkom by die skool aan die begin van die 2022 skooljaar. Ons vertrou dit sal 'n voorspoedige en geseënde jaar wees vir almal betrokke by Laerskool Ashton.

Wêreldwyd is ons steeds in die Covid-19 pandemie. Ons bevestig graag net weer die volgende: Ons ondersteun ten volle die volgehoue nakoming van Covid-19 nie-farmaseutiese protokolle soos ontsmetting en die dra van maskers. Ons is baie dankbaar en besef hoe bevoorreg ons is om deel van ongeveer 12% van skole te wees wat 'n tradisionele rooster volg.

Baie dankie dat u getrou die siftingsvraelys(Google-vorm) in 2020 en 2021 ingevul het. Ons verander die reëling hierdie jaar want weet almal is nou vertroud met die simptome van Covid-19 en ons weet dat u nie kinders skool toe sal stuur met enige simptome nie. U hoef dit dus nie langer te voltooi nie. Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

Dit is nodig dat ons kinders gemotiveerd sal wees om te leer. Die beste manier om kinders te motiveer is deur vir hulle te wys dat skool vir u as ouer ook belangrik is. Dit gebeur deur:
1. 'n Positiewe verhouding met jou kind se onderwyser te bewerkstellig.
2. Belang te stel in u kind se skoolwerk en positief te wees en te praat oor die skool.
3. Betrokke te wees by die programme en funksies van die skool.
4. Leer u kind verantwoordelikheid, maar hou 'n oog en gee 'n hand.
5. Skep 'n positiewe leeromgewing.

'n Positiewe leeromgewing moet die volgende kenmerke hê:
1. U kind moet elke dag op 'n vasgestelde plek en tyd leer.
2. 'n Skoon lessenaar/tafel/oppervlak waarby u kind regop kan sit.
3. Geen afleidings soos 'n televisie, selfoon of venster nie.
4. Goeie beligting en vars lug.

U ontvang ook vandag die kwartaalprogram. Soos u sien, gaan dit 'n baie besige kwartaal wees en ons vra u om u kind en die skool getrou te ondersteun. Ons sal die warm weer dophou en u laat weet indien daar veranderinge aan oefeninge en wedstryde is.

Groete van skool tot huis.

JC Burger
Skoolhoof.

LAERSKOOL ASHTON
Georgestraat
ASHTON, 6715

19 JAN 2022

TEL: 023 615 1370
ASHTON PRIMARY SCHOOL